## SESSIE 5. Die Aartsvader verhale

Ons het aan die einde gekom van ons reis saam met die Aartsvaders in Genesis 12-50 en ek hoop dat die verhale op ‘n besondere wyse tot julle gespreek het. In hierdie laaste sessie gaan ons aan die volgende twee vrae aandag gee:

1. Hoe pas Genesis in by die eerste vyf boeke van die Bybel, wat as die Pentateug bekendstaan?
2. Wat sê die Pentateug vir ons oor God se teenwoordigheid in die wêreld?


### 1. Genesis as deel van ‘n groter geheel – die Pentateug

Genesis is deel van ‘n literêre eenheid wat ons die Pentateug noem (Jode verwys daarna as die *Torah*) en wat uit die eerste vyf boeke van die Bybel bestaan. Soortgelyk aan die skrywers van die Aartsvader verhale, het latere redakteurs individuele gedeeltes saamgevoeg in een groot literêre eenheid waarvan ‘n mens die storie op die kaarte op die volgende bladsy kan volg:



1. Die Aartsvaderverhale (Abraham, Isak, Jakob en Josef) wat in Egipte eindig.
2. Die volk se uittog uit Egipte en hulle omswerwinge in ‘n droë en dor land.
3. Die volk se intog in Kanaän en die bewoning van die land.

Let op hoe hierdie verhaal weer in Deuteronomium 6 vertel word.


Black Sea
Caucasus
ANATOLIA
Hittites
Arzawa
Mitanni
Caspian
Crete
Assur
Ugarit
MESOPOTAMIA
Cyprus
Canaan
Akkad
Mediterranean
Elam
Sumer
Aartsvaders
GENESIS
Egypt
Red Sea
Persian Gulf


Black Sea
Caucasus
ANATOLIA
Hittites
Arzawa
Mitanni
Caspian
Crete
Assur
Ugarit
MESOPOTAMIA
Cyprus
Canaan
Akkad
Mediterranean
Elam
Sumer
Exodus - Deutr.
Egypt
Red Sea
Persian Gulf

## Die boodskap van die Pentateug

Die verhaal van die Pentateug kom in die Nuwe Testament in Paulus se toespraak in Handelinge 13:17-41 ter sprake. Die temas daarvan kan weereens in die gebeure op die kaarte hierbo gevolg word:

- God se **belofte** (Genesis)
- God **verkies** ‘n volk (Genesis)
- God **verlos** die volk (Exodus)
- God maak ‘n **verbond** met die volk (Exodus -Deutr)
- God gee die volk ‘n **wet** – riglyn om volgens te lewe (Exodus – Deutr)
- God gee die volk ‘n **land** – toekoms (Gen-Deutr)

Alhoewel die Pentateug uit vyf verskillende Bybelboeke bestaan kan dit in twee afdelings verdeel word, naamlik Genesis 1-11 en Genesis 12 – Deuteronomium 34. Genesis 12:3 dien as skakel/leidraad.

| **GENESIS 1-11** | | **GENESIS 12 – DEUTR 34** |
|---|---|---|
| | **GENESIS 12:3**<br>**SKAKEL (leidraad)** | |
| Vraag ... hoe reageer God op die mens se gebrokenheid? | | Oplossing ... God maak ‘n verbintenis met die mens .(verbond) |
| Probleem ... sonde en gebrokenheid | | Antwoord ... verbond en genade |
| | | |
| | Die Ou Testament eindig sonder dat die probleem opgelos word. | |
| | Die Nuwe Testament begin met ‘n geslagsregister in Matteus 1:1<br>“die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van David, die seun van Abraham” | |

GENESIS 1-11 (die probleem en vraag)

Die fokus van hierdie gedeelte is op die volgende: die mense se innerlike stryd met hom/haarself, die gebrokenheid van die mensdom, die wanorde tussen mense en nasies. Die doel van die gedeelte is om ons aan die einde van Genesis 11 met die vraag te laat: Hoe gaan God reageer? Wat is die aard van sy verhouding as Skepper tot sy skepping? Is God se geduld op en gaan hy met mag en woede oor die nasies oordeel?

GENESIS 12:3

Teen die agtergrond van die bogenoemde probleem/vraag maak die roeping van Abraham sin en ontdek ons die teks se trefkrag. Maar die betekenis lê opgesluit in God se verhouding met die mens soos dit in die volgende gedeelte uitspeel.

GENESIS 12-DEUTERONOMIUM (die antwoord of oplossing)

Die aard van God se verhouding met die mens soos in Genesis 12:3 beskryf word dan in die res van die Pentateug uitgepak: God beloof, kies, verlos, verbind, gee land en nageslag.

Wanneer die Hebreeuse Bybel met 2 Kronieke eindig blyk daar nog baie vrae te wees rakende die probleem wat Genesis 1-11 skets: Wat het van God se belofte geword wat toe nie in die reeks konings wat oor Israel en Juda regeer het gerealiseer het nie? Hierdie spanning word in die Nuwe Testament ingedra en ontvou dan in Jesus se lewe, sterwe en opstanding.

Matteus 1:1 uit: "die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van David, die seun van Abraham". Dit bring ons dus ten laaste by die vraag uit: Hoe is God vandag in ons wêreld teenwoordig? Meer nog, hoe is God in ons wêreld betrokke.

**Lees Handelinge 13:16-39**

Paulus se toespraak in Handeling 13 vat dit kortliks saam:

<u>En nou verkondig ons aan julle die goeie boodskap dat God die belofte aan die voorvaders vir ons, hulle nageslag, vervul het deur Jesus uit die dood te laat opstaan.</u> So staan daar dan ook in die tweede psalm geskrywe: “Jy is my Seun, vandag het Ek aan jou die lewe gegee”

Hand. 13:32-33

## 2. Hoe is God vandag in ons wêreld teenwoordig?



Ek is seker dat die kunstige manier waarop die verhale van Abraham, Isak, Jakob en Josef saamgestel is ‘n blywende indruk op julle gemaak het. Die verhale kom uit antieke geloof gemeenskappe wat in baie meer as die korrekte weergee van geskiedenis belang gestel het. Hulle wou praktiese en deurleefde kennis aangaande God en mense, wat sin gee aan hulle bestaan, met mekaar deel.

Elke nuwe generasie wat die teks oor meer as 3000 jaar gelees het is daardeur geïnspireer om God opnuut in hulle hede (wêreld) te sien en dienooreenkomstig het hierdie reeks verhale tot vandag behoue gebly en vind ons waarde om dit te lees.

Ons mag dalk dink dat die antieke wêreld totaal van ons eie wêreld verskil en dat die boodskap vandag daarom nie dieselfde trefkrag het nie. Tog het ons menswees oor die afgelope paar honderdduisend jaar nie veel verander nie. Ons moet dus versigtig wees om ons 21 ste eeuse wêreld met sy tegnologie en kennis op 'n hoër vlak te plaas en in dieselfde strik te trap as koning Salomo  vir wie God in sy rykdom en kennis oorbodig geraak het (1 Kon. 4:21). My studie in teologie en argeologie het my een belangrike dinge geleer: die magtigste koninkryke wat die wêreld geken het, het almal tot niet gegaan en ons is nie veel slimmer is as antieke mense, wat met eenvoudige steen gewerk en indrukwekkende strukture gebou het nie (ek kyk altyd met groot vermaak na die *Discovery* en *National geographic* programme na hoe wetenskaplikes met allerhande wonderlike tegnologiese hulpmiddel steeds kopkrap hoe antieke en oer mense dinge vermag het). Wanneer ons dus vandag antieke tekste soos Genesis 12-50 lees resoneer dit met elemente van ons eie menswees en wêreld. Dit is juis hier waar ons vandag die God van Abraham, Isak en Jakob in ons hedendaagse omstandighede ontmoet.

**Watter perspektiewe het die Here in hierdie tyd by jou losgemaak oor:**

- Die wyse waarop God nie net by gelowiges nie, maar by almal in die wêreld betrokke is. Vir wie of wat gee God om en hoe verander dit ons gesindheid teenoor mense saam met wie ons in die wêreld saamleef?

  ......................................................................................................................

  ......................................................................................................................

  ......................................................................................................................

- Hoe maak ‘n mens sin van gebeure in die wêreld? Waarin lê ons sin as gelowiges?

  ..........................................................................................................................
  ..........................................................................................................................
  ..........................................................................................................................

- Wie is God? Watter insigte oor God self het die Aartsvader verhale by jou losgemaak?

  ..........................................................................................................................
  ..........................................................................................................................
  ..........................................................................................................................

- Wie is die mense om jou? Watter insigte oor mense het die Aartsvader verhale by jou losgemaak?

  ..........................................................................................................................
  ..........................................................................................................................
  ..........................................................................................................................
  ..........................................................................................................................